Pellissier NG Gemeente

T: 051 422 4917
F: 051 422 5738
ngk@ngkerkpellissier.co.za
www.ngkerkpellissier.co.za

Vlakfonteinlaan 6
Pellissier
Bloemfontein
9301

Pellissier Gemeente Vakature – Deeltydse Kinder-/ Jeugwerker

Vakature:

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering van die kinderbediening van voorskoolse tot graad 7 kinders, onder leiding van en in oorleg met die betrokke leraar/s.

Die pligte behels onder andere:

- Aanbied van Kinderkerk (Graad 1-5) en die koördinering van die baba- en die kleuterkerk.
- Aanbied en koördinering van die Graad 6 & 7-bediening wat Sondae plaasvind.
- Organisering en voorbereiding van alle lesmateriaal.
- Aanbied van Kinderpinkster tydens Pinkstertyd.
- Aanbied van Bybelskool .
- Kinderuitreike.
- Reël en aanbied van kampe (Gr 1-7).
- Opleiding en ondersteuning van medewerkers en helpers vir die bediening.
- ‘n Vakansieprogram een maal per jaar.
- Ander verwante take.

Posvereistes:

Die ideale kandidaat is iemand wat ‘n lewende verhouding met ons Here Jesus het. Verder moet hy/ sy ’n NG-lidmaat wees wat toegewyd, bekwaam en pro-aktief is om ’n besonderse bediening vir kinders te lei en te organiseer. ‘n Liefde vir kinders, vermoë om kinders te begelei in geloofsgroei- en geloofsekerheid, die bou van verhoudinge en die vermoë om onafhanklik te funksioneer, is kritiese aspekte van die pos.

’n Toepaslike akademiese kwalifikasie in Kinder- of Jeugbediening, of Teologie is verkieslik. Toepaslike ondervinding van ongeveer twee jaar sal voordelig wees. Die vergoedingspakket is onderhandelbaar.

Pellissier gemeente behou die reg voor om nie die aanstelling te maak nie.

Rig u gedetailleerde CV aan ngk@ngkerkpellissier.co.za**.** Die CV moet ons bereik voor of op **Dinsdag 3 Oktober 2017. Meld jou kwalifikasies, ondervinding en ook salarisverwagtinge asseblief.**

Rig enige navrae aan Francois Lamprecht by 051 422 4010, voor 12:30 gedurende weeksdae.